basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V2

MEI/JUNIE 2026

VRYSTAAT

PUNTE: 40

TYD: 1½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 18 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. MOENIE probeer om die hele vraestel te lees nie. Raadpleeg die INHOUDSOPGAWE op die volgende bladsy en merk die vraagnommer oor die teks wat jy hierdie jaar bestudeer het. Lees hierdie vraag aandagtig deur voor jy dit beantwoord.

2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

AFDELING A:	Drama	(40)
AFDELING B:	Kortverhale	(40)

3. Beantwoord die vrae in EEN van die afdelings:

   AFDELING A: DRAMA
   Beantwoord die vrae oor die drama *(Perdekrag)* wat jy bestudeer het.

   OF

   AFDELING B: KORTVERHALE
   Beantwoord die vrae oor TWEE kortverhale wat jy bestudeer het.

4. Volg die instruksies aan die begin van elke afdeling noukeurig.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

7. Voorgestelde tydsindeling:

   AFDELING A: 90 minute

   OF

   AFDELING B: 90 minute

8. Skryf netjies en leesbaar.

INHOUDSOPGAWE

Kies SLEGS die afdeling wat jy bestudeer het.

AFDELING A: DRAMA **Beantwoord slegs die EEN vraag.**		
VRAAGNOMMER	**PUNTE**	**BLADSYNOMMER**
1. *Perdekrag*	40	4
OF		
AFDELING B: KORTVERHALE **Beantwoord AL TWEE kortverhale.**		
2. " 'n Man kom tuis"	20	9
EN		
"My broer se kraai"	20	11
OF		
3. "Opgang"	20	14
EN		
"Om laaste te kan lag"	20	16

AFDELING A: DRAMA

Hierdie afdeling bestaan uit EEN vraag.

VRAAG 1: *PERDEKRAG* – Cecilia du Toit

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

TEKS A

WILMA:	Die magistraat het gevoel dat jy net nog nooit 'n kans gekry het nie –	
LUCKY:	– en nou dink julle as ek hier rondhang, gaan ek "insig kry in my probleem"? Fat bleddie chance!	
WILMA:	Die idee is vir jou om te leer. Hierdie perde kan jy nie boelie nie. Hulle sien dwarsdeur jou.	5
LUCKY:	*(Desperaat.)* Wat de hel wil jy hê moet ek doen?	
WILMA:	Jy kan begin deur die perde se vertroue te wen.	
LUCKY:	Ag, spaar my dit! *(Hy beduie na Kaizer.)* Moet ek hom agter sy oor kielie dat sy been soos 'n brakkie s'n skop-skop? *(Hy lag vir sy eie grap.)*	
WILMA:	Lyk dit vir jou of Kaizer jou vertrou? Hm? Of Tinkerbelle? (*Lucky aarsel.)* Toe, sê my? Volg hulle jou net omdat jy vra? Lig hulle 'n poot sodat jy –	10
LUCKY:	*(Gil uit frustrasie.)* Dêmmit! Hoe moet ek – ? Jy het grootgeword met die goed.	

1.1 "Die magistraat het gevoel dat jy net nog nooit 'n kans gekry het nie –" (Reël 1)

1.1.1 Wat was die straf wat die magistraat vir Lucky gegee het? (1)

1.1.2 Waar moes Lucky hierdie straf uitdien? (1)

1.1.3 Waarom het Lucky nie met troeteldiere "grootgeword" nie? (1)

1.1.4 Lucky het vir Lady Jane geskrik en weggehardloop.

Wat het Wilma gedoen nadat Lucky weggehardloop het? (1)

1.2 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.2) en die letter (A–D) neer.

"Hulle sien dwarsdeur jou." (Reël 4 en 5)

Met hierdie woorde bedoel Wilma dat perde ...

A baie goed kan sien.
B weet wanneer mense siek is.
C hulle nie aan mense steur nie.
D kan aanvoel of mense goed of sleg is. (1)

1.3 Skryf die volgende sin oor en verander die onderstreepte deel om die stelling WAAR te maak.

Die eienaar van die perdeplaas wou hê dat Lucky en Binki haar <u>mevrou Botes</u> noem. (1)

1.4 Lucky se woorde sê vir ons hoe Lucky voel.

Kies die emosie uit KOLOM B wat by Lucky se woorde in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommers (1.4.1 tot 1.4.4) en die letter (A–E) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.4.1	"… ryk rotte gee meer om vir diere ..."	A	Lucky was ongeduldig met Lady Jane.
1.4.2	"Sy het net haar eie two-by-two's."	B	Lucky het van sokker gehou.
1.4.3	"Maar hoe de hel gaan ek jou impress?"	C	Lucky het gespot oor sy ma wat werk toe loop.
1.4.4	"Lig jou bleddie poot!"	D	Lucky was kwaad omdat hy arm was.
		E	Lucky het gevoel dat Wilma hom nie vertrou nie.

(4 x 1) (4)

1.5 Skryf die volgende gebeure onder mekaar oor in die korrekte VOLGORDE soos wat dit in die drama gebeur.

- Wilma het vir Lucky vertel van die kinders wat by haar kom perdry.
- Wilma het Lucky se selfoon gevat en in haar sak gesit.
- Wilma het vir die prokureur gesê dat Lucky by die grootpad vir haar wag.
- Wilma het vir Lucky gewys wat hy moes doen. (4)

1.6 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommers (1.6.1 en 1.6.2) en die antwoord neer.

Die tema van hierdie drama is dat perde mense kan help om (1.6.1) (gesond/ ryk) te word. Een van die lesse wat 'n mens uit die drama kan leer, is dat jy (1.6.2) (met ander mense moet raas oor verkeerde dinge/die beste van jou eie omstandighede moet maak). (2)

1.7 Waarom kan ons sê dat Wilma nie moed opgegee het met Lucky nie, al het hy verkeerd opgetree? (1)

1.8 Waarom was dit verkeerd van Lucky om Binki se kontaklys te verander? (1)

1.9 Hoe sou jy gevoel het as jy Lucky was en jy op die perdeplaas moes gaan werk? (1)

1.10 "Dêmmit! Hoe moet ek – ?" (Reël 12)

Waarom laat die skrywer vir Lucky die woord "Dêmmit!" gebruik? (1)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

TEKS B

BINKI: Nee, my ma het gesê sy is te –
LUCKY: – sy's te besig om weer 'n hond te hê. Jip, natuurlik.
BINKI: *(Skud haar kop hartseer.)* Ja, maar sy is regtig –
LUCKY: Aag, dis oukei. Jy het mos nou al hierdie perde. *(Lucky maak lawwe galopbewegings om die oomblik op te vrolik. Binki lag vir hom. Sy hou haar hand uit vir haar foon. Lucky spring weg van haar en begin weer te tik.)* Nee, wag, ek sit net 'n nuwe naam in.
BINKI: Jy het dan al joune ingetik.
LUCKY: Ja, maar hierdie een is nou my ander naam. "Extra Lucky". En my naam is eerste by jou contacts. En die nommer is 7-7-7.
BINKI: *(Lag, maar probeer haar foon by hom gryp.)* Nee, man, gee my foon! *(Hulle stoei speels om besit van die foon. Lucky bly voor Binki wegdans. Binki gryp in die lug rond. Die spel word al wilder ...)*

1.11 Wat was Binki se hondjie se naam? (1)

1.12 Noem TWEE dinge wat tydens die brand gebeur het wat Binki hartseer gemaak het. (2)

1.13 VOLTOOI die volgende sinne deur elke keer EEN woord in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommers (1.13.1 tot 1.13.4) en die antwoord neer.

elf; naweke; Sabrina; onderwyser; twaalf; Grace; besigheidsvrou; vakansies

1.13.1 Binki het haar ma ... genoem. (1)

1.13.2 Binki se ma was baie besig, want sy was 'n ... (1)

1.13.3 Binki se ma het haar soms ... kom haal om by haar te gaan kuier. (1)

1.13.4 Binki het graad ... deur korrespondensie gedoen. (1)

1.14 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommer (1.14) en die antwoord neer.

"Jip, **natuurlik**." (Reël 2)

Dit is 'n voorbeeld van (sarkasme/'n vergelyking). (1)

1.15 Die dinge wat mense doen, het gevolge.

Kies die gevolg uit KOLOM B wat by die inligting in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommers (1.15.1 tot 1.15.4) en die letter (A–E) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.15.1	Binki wou nie met vreemde mense praat nie.	A	Binki het Lucky probeer waarsku dat Wilma agter hom staan.
1.15.2	Binki het haar lewe gewaag om haar hondjie te red.	B	Binki se ma het die foon in haar oor neergesit.
1.15.3	Binki wou weet waarom haar ma haar weer nie wou kom haal nie.	C	Binki het op haar eie klein takies op die perdeplaas gedoen.
1.15.4	Die perde en mense by die perdeplaas was genoeg vir Binki.	D	Binki het besluit sy het haar ma nie nodig nie.
		E	Lucky het gedink dat Binki hom sou haat as sy weet wat hy aan diere gedoen het.

(4 x 1) (4)

1.16 Net soos Lucky, is Binki ook gestraf deur by die perdeplaas te werk.

Gee 'n feit uit die verhaal om te motiveer waarom die stelling ONWAAR is. (1)

1.17 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.17) en die letter (A–D) neer.

Die woorde "*(Skud haar kop hartseer.)*" in reël 3 is skuinsgedruk en tussen hakies, want dit ...

A beklemtoon dat Binki ongelukkig is.
B wys wat die karakter op daardie oomblik doen.
C wys vir die gehoor dat hulle hartseer moet wees.
D maak die gesprek tussen die karakters interessant. (1)

1.18 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommers (1.18.1 en 1.18.2) en die antwoord neer.

Aan die begin van die drama (1.18.1) (het Binki graag die perde gelei/was Binki bang vir die perde). Aan die einde van die drama was Binki (1.18.2) (tevrede/ongelukkig) om saam met die perde op die plaas te bly. (2)

1.19 Waarom was dit goed vir Wilma dat Binki op die perdeplaas gewerk het? (1)

1.20 Hoe het Lucky se straf hom positief verander? (1)

1.21 Lucky het Binki van die begin af geterg.

1.21.1 Wat sou jy anders as Lucky gedoen het? (1)

1.21.2 Waarom sê jy so? (1)

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B: KORTVERHALE

Hierdie afdeling bestaan uit TWEE vrae.

VRAAG 2: *KINDERS VAN DIE AARDE* – Charles Fryer

Beantwoord die vrae oor AL TWEE verhale.

VERHAAL A: " 'N MAN KOM TUIS" – Chris Barnard
EN
VERHAAL B: "MY BROER SE KRAAI" – Chris Barnard

VERHAAL A: " 'N MAN KOM TUIS" – Chris Barnard

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

TEKS C

"... Nee, ek ken die wêreld. En saans as jy daar by die vuur sit en jy kyk na die sterre oor jou kop, dan het jy vrede in jou hart."

Dit word vir my duidelik, terwyl hy gesels: hierdie man sal jy nie maklik onderkry nie. Hy het vir homself 'n klompie antwoorde uitgewerk. Vir elke terugslag in sy lewe het hy tot dusver 'n teenmaneuver bedink, vir elke ongerief 'n kompenserende argument, vir elke ontbering 'n genadetjie.

Nou hoekom, wonder ek in die ry, kry ons dit nie almal reg nie? Vir die meeste van ons sou 'n lewe soos syne onuitstaanbaar gewees het, maar hy loop oor van dankbare entoesiasme.

Iets wou kom fluister: ja, maar die eenvoudiges van gees ...

Dit was geen troos nie. Dit het skielik vir my verwaand gelyk om dié man wat die lewe soveel beter onder die knie gekry het as die meeste van ons, sommer net so as 'n eenvoudige van gees af te skryf.

2.1 "... dan het jy vrede in jou hart." (Reël 2)

2.1.1 Wie praat hier? (1)

2.1.2 Waarheen is hy op pad? (1)

2.1.3 Hoe het die verteller geweet dat die man saam met hom wou ry? (1)

2.1.4 Waarom "ken" hy die wêreld so goed? (1)

2.2 Gouws se woorde sê vir ons hoe Gouws voel.

Kies die emosie uit KOLOM B wat by Gouws se woorde in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommers (2.2.1 tot 2.2.4) en die letter (A–E) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.2.1	"Jy dien jou naaste soos die Bybel sê ons moet."	A	Gouws was lief vir sy kinders.
2.2.2	"Darem 'n nag."	B	Gouws was trots op die werk wat hy gedoen het.
2.2.3	"Die kar loop lekker vinnig."	C	Gouws was opgewonde om vroeg by die huis te wees.
2.2.4	"Daar is vyf outjies."	D	Gouws was dankbaar vir elke kans om sy gesin te sien.
		E	Gouws was hartseer oor sy oorlede vrou.

(4 x 1) (4)

2.3 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (2.3) en die letter (A–D) neer.

"... sou 'n lewe soos syne onuitstaanbaar gewees het, maar hy ..." (Reël 8)

Dit beteken dat die verteller gedink het dat Gouws ...

A 'n maklike lewe gehad het.
B moeg was om so te sukkel.
C nie van beter geweet het nie.
D nie oor sy moeilike lewe gekla het nie. (1)

2.4 Skryf die volgende gebeure onder mekaar oor in die korrekte VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.

- Die hele gesin het gehardloop om Gouws te ontmoet.
- Gouws het van sy kinders vertel.
- Die verteller het by die gelukkige gesin verbygery.
- Die verteller het Gouws aan die bopunt van sy straat afgelaai. (4)

2.5 Skryf die volgende sin oor en verander die onderstreepte deel om die stelling WAAR te maak.

Gouws het vir sy vrou 'n paar <u>kouse</u> huis toe gebring. (1)

2.6 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommers (2.6.1 en 2.6.2) en die antwoord neer.

Die tema van hierdie kortverhaal is (2.6.1) (dankbaarheid/probleme by die werk). Een van die lesse wat 'n mens uit die verhaal kan leer, is dat jy (2.6.2) (moet kla as dinge nie reg is nie/die beste moet maak van wat jy het). (2)

2.7 Waarom kan ons sê dat die verteller reg opgetree het toe hy Gouws langs die pad opgelaai het? (1)

2.8 Gouws het gesê dat hy nie by die huis afgelaai wou word nie.

Waarom was dit verkeerd van die verteller om te dink dat daar iets fout was? (1)

2.9 Gouws werk ver van die huis af en sien sy gesin baie min.

Hoe sou jy gevoel het as jy jou gesin so min gesien het? (1)

2.10 "Dit het skielik vir my verwaand gelyk ..." (Reël 11)

Hoekom gebruik die verteller hierdie woorde? (1)

EN

Hierdie afdeling bestaan uit TWEE vrae.

VERHAAL B: "MY BROER SE KRAAI" – Chris Barnard

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

TEKS D

Ons het hom hoor lag met die wegraak.
Die hok het oopgestaan. Daar het nog van die kraai se vere rondgelê en daar was 'n paar droë bloedspatsels teen die dak. Die stukkie brood in die hok het later verdroog en die drinkbakkie se water het verdamp.
My broer het nie weer by die hok gekom nie. Niemand het weer oor die kraai gepraat nie. Dié episode was afgesluit. En tog ook nie afgesluit nie: want die kraai se afwesigheid was aan elke eettafel teenwoordig, in elke gesprek, in elke stilte.
Maar drie dae later, die oggend, het ek net ná dagbreek wakker geword en in die bed gelê en luister hoe dit bietjie vir bietjie op die werf Woensdag word. Simon het met die voetpad aangesing gekom, toe was daar melkemmers, toe het die hoenders uit die mangobome afgefladder en kloekend weggestap.

2.11 Waarom was daar vere en bloed in die hok? (Reël 2 en 3) (1)

2.12 Gee TWEE redes waarom die broer die kraai wou hou. (2)

2.13 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommer (2.13) en die antwoord neer.

Die hoenders het "**kloekend**" weggestap. (Reël 11)

Dit is 'n voorbeeld van ('n vergelyking/klanknabootsing). (1)

2.14 VOLTOOI die volgende sinne deur elke keer EEN woord in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommers (2.14.1 tot 2.14.4) en die antwoord neer.

olie; weggee; hond; papegaai; vleis; loslaat; vrugte; salf

2.14.1 Die kraai het graag ... geëet. (1)

2.14.2 Die broer het probeer om ... aan die kraai se seerplekke te smeer, maar die kraai het hom gekrap. (1)

2.14.3 Die broer se gesin het gedink hy moet die kraai ... (1)

2.14.4 Die verteller het gedink sy broer moet liewer vir hom 'n .... kry as 'n kraai. (1)

2.15 Die dinge wat mense doen, het gevolge.

Kies die gevolg uit KOLOM B wat by die inligting in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommers (2.15.1 tot 2.15.4) en die letter (A–E) neer.

KOLOM A		**KOLOM B**	
2.15.1	Die broer het 'n hok gebou.	A	Die broer het elke dag met die kraai gepraat en hom gepaai.
2.15.2	Die broer het geheg geraak aan die kraai.	B	Die verteller het mooi gedink oor wat hy vir die broer van die kraai sou sê.
2.15.3	Dit was nie mooi om na die kraai te kyk nie.	C	Die kraai het gulsig geëet.
2.15.4	Die broer het met die verteller oor die kraai gepraat.	D	Die kraai het na die draad gepik en geklap.
		E	Die gesin het die hok vermy.

(4 x 1) (4)

2.16 Toe die broer die kraai in die veld opgetel het, het hy gesien die kraai se een poot het seergekry.

Gee 'n feit uit die verhaal om te motiveer waarom die stelling ONWAAR is. (1)

2.17 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (2.17) en die letter (A–D) neer.

"Dié episode was afgesluit. En tog ook nie afgesluit nie: ..." (Reël 6)

Hierdie woorde sê vir ons dat ...

A die broer die hok begin afbreek het.
B die kraai nie weer teruggekom het nie.
C almal nog steeds aan die kraai gedink het.
D die broer na 'n ander troeteldier gesoek het. (1)

2.18 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommers (2.18.1 en 2.18.2) en die antwoord neer.

Aan die begin van die verhaal wil die broer net doen (2.18.1) (wat goed is vir die kraai/wat homself gelukkig maak). Aan die einde besef hy dat die kraai in 'n (2.18.2) (toegemaakte/oop) hok moet bly en self besluit waar hy wil wees. (2)

2.19 Waarom was die kraai nie goed vir die broer se lewe nie? (1)

2.20 Waarom kan ons sê dat die verhaal positief vir die kraai geëindig het? (1)

2.21 Die broer het die kraai hanteer soos hy goedgedink het.

2.21.1 Wat sou jy anders met die kraai gedoen het as jy die broer was? (1)

2.21.2 Waarom sê jy so? (1)
[40]

OF

VRAAG 3: *OM LAASTE TE KAN LAG* – Pirow Bekker

Beantwoord die vrae oor AL TWEE verhale.

VERHAAL A: "OPGANG" – Ina Rossouw
EN
VERHAAL B: "OM LAASTE TE KAN LAG" – Chris Barnard

VERHAAL A: "OPGANG" – Ina Rossouw

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

TEKS E

"Wie s'n is dit, Lukas?" het sy gevra, haar swart ogies smal van nuuskierigheid in haar maer gesig.
Toe het hy gelag, byna so lekker soos die aand by oom Lemmer-hulle toe hulle mekaar die eerste keer ontmoet het en hy asyn in haar koffie gegooi het.
"Dis joune," het hy gegiggel.
"Myne, Lukas?"
"Ja, mens. Verbrands. Dis mos wat ek sê. Jy weet ek wou nog altydmaartjies vir jou ene koop."
"Maar Lukas –"
"Ek het 'n jaar om te betaal. Hy kan 'n hele spul goed aanvang wat die masjiene in die ou dae nie kon aanvang nie. Jy moet ophou om bedees te wees teenoor die ander vroumense. Dis nou nie meer nodig nie."
Hy het die deksel versigtig afgehaal en die armpie vasgehaak.
Daar het dit toe op die kombuistafel gestaan, 'n sierlike metaalding met gekrulde letters en kringelingetjies daarop geverwe.

3.1 "Wie s'n is dit, Lukas?" (Reël 1)

3.1.1 Wie praat hier? (1)

3.1.2 Waar het Lukas die naaimasjien gaan sit nadat die kinders ook daarna gekyk het? (1)

3.1.3 Wat het die kinders gedoen nadat hulle die naaimasjien gesien het? (1)

3.1.4 Waarom mag die kinders nie aan die naaimasjien gevat het nie? (1)

3.2 Skryf die volgende sin oor en verander die onderstreepte deel om die stelling WAAR te maak.

Lot was altyd bang dat Hannetjie haar naaimasjien se <u>deksel</u> sou breek. (1)

3.3 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (3.3) en die letter (A–D) neer.

"Jy moet ophou om bedees te wees teenoor die ander vroumense." (Reël 11 en 12)

Met hierdie woorde bedoel Lukas dat Hannetjie ...

A die nuwe masjien moet geniet.
B haar masjien vir ander moet leen.
C nie meer hoef terug te staan vir ander vrouens nie.
D nou mooier klere as enige ander vrou sal kan maak. (1)

3.4 Die karakters se woorde sê vir ons hoe die karakters voel.

Kies die emosie uit KOLOM B wat by die karakter se woorde in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommers (3.4.1 tot 3.4.4) en die letter (A–E) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.4.1	"Kyk, wat het ek hier!"	A	Lot het nie gehou van mense wat sukkel nie.
3.4.2	" 'n Vrou sonder 'n masjien is 'n onding."	B	Hannetjie was tevrede dat sy nou vir Lot kon sê wat Lot altyd vir haar gesê het.
3.4.3	"Dis nou wat ek 'n uitblinkermasjien noem."	C	Lukas was baie gelukkig dat hy na jare vir sy vrou 'n naaimasjien kon koop.
3.4.4	"Dag, Charlotte, ... Vee jou voete maar goed af, want ..."	D	Die kinders was baie bly oor die nuwe klere wat hulle ma sou maak.
		E	Drien was baie opgewonde oor Hannetjie se masjien wat die nuutste in die straat was.

(4 x 1) (4)

3.5 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommers (3.5.1 en 3.5.2) en die antwoord neer.

Die tema van hierdie kortverhaal is (3.5.1) (armoede/vooruitgang). Een van die lesse wat 'n mens uit die verhaal kan leer, is dat jy (3.5.2) (mag neersien op mense wat minder as jy het/ander mense altyd goed moet behandel). (2)

3.6 Skryf die volgende gebeure onder mekaar oor in die korrekte VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.

- Hannetjie het Lot gewaarsku om versigtig met haar naaimasjien te werk.
- Meisie en Drien het na Hannetjie se nuwe naaimasjien kom kyk.
- Hannetjie het kort-kort na haar nuwe masjien gaan kyk.
- Lot wou voel hoe stik Hannetjie se nuwe masjien. (4)

3.7 Waarom was dit reg dat Lukas vir Hannetjie haar eie masjien gekoop het? (1)

3.8 Waarom was dit verkeerd van Lot om so lelik met Hannetjie te praat wanneer Hannetjie haar masjien wou gebruik? (1)

3.9 "Ja, mens. Verbrands. Dis mos wat ek sê." (Reël 7)

Waarom laat die skrywer vir Lukas die woord "Verbrands" gebruik? (1)

3.10 Hoe sou jy gevoel het as jy Hannetjie was en so 'n groot geskenk ontvang het? (1)

EN

VERHAAL B: "OM LAASTE TE KAN LAG" – Chris Barnard

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

TEKS F

Streng gesproke moes oom Apie die swartskaap in ons familie gewees het, maar hy had 'n manier om jou teen wil en dank van hom te laat hou. Hy was 'n aweregse ou siel, maar voor jy jou kom kry, het jy daarvan afgesien om hom sy sondes toe te reken. Jy wou nog kwaad word, dan het hy jou al weer laat lag.

My mense is doodgewone mense. Elkeen met sy ambag of sy lappie aarde. Harde werkers, al sê ek dit nou self. En geen muisneste nie.

Aardse mense is hulle. Prakties en nugter en pligsgetrou en sonder fieterjasies. Jy doen 'n ding só en nooit anders nie. Reg is reg en verkeerd bly nou eenmaal verkeerd.

3.11 Wat het oom Apie anders as sy familie gemaak? Noem EEN feit. (1)

3.12 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommer (3.12) en die antwoord neer.

"Streng gesproke moes oom Apie die **swartskaap** in ons familie gewees het, ..." (Reël 1)

Dit is 'n voorbeeld van (personifikasie/'n metafoor). (1)

3.13 Noem TWEE plekke waar oom Apie soms uitgehelp het. (2)

3.14 VOLTOOI die volgende sinne deur elke keer EEN woord in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommers (3.14.1 tot 3.14.4) en die antwoord neer.

slagter; hemde; geheime; dertig; boer; veertig; kouse; stories

3.14.1 Oom Apie se jeugliefde het met 'n skatryk … getrou. (1)

3.14.2 Die jeugliefde het jare lank oom Apie se ... gestop en knope aangewerk. (1)

3.14.3 Oom Apie het al sy ... met haar gedeel. (1)

3.14.4 Die jeugliefde se man is ná ... jaar oorlede. (1)

3.15 Die dinge wat mense doen, het gevolge.

Kies die gevolg uit KOLOM B wat by die inligting in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommers (3.15.1 tot 3.15.4) en die letter (A–E) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.15.1	Oom Apie het partykeer maande lank verniet by mense gebly.	A	Die kinders het baie van oom Apie gehou.
3.15.2	Oom Apie het mooi dierestories vertel.	B	Die jeugliefde het oom Apie mooi versorg.
3.15.3	Die jeugliefde se man is oorlede.	C	Oom Apie is aangeraai om liewer te trou.
3.15.4	Oom Apie het raad gaan soek by die verteller se ouers.	D	Oom Apie het los werkies in en om mense se huise gedoen.
		E	Die jeugliefde wou met oom Apie trou.

(4 x 1) (4)

3.16 Oom Apie het sy eie stoel saam met hom gedra, want hy het nie van ander mense se stoele gehou nie.

Gee 'n feit uit die verhaal om te motiveer waarom die stelling ONWAAR is. (1)

3.17 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (3.17) en die letter (A–D) neer.

"En geen muisneste nie." (Reël 6)

Dit beteken dat die verteller se mense ...

A hulle lande netjies geploeg het.
B die muisneste weggevat het uit die lande.
C nie oor dinge gedroom het nie, maar dinge gedoen het.
D seker gemaak het dat daar nie muise in hulle huise is nie. (1)

3.18 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommers (3.18.1 en 3.18.2) en die antwoord neer.

Ons leer oom Apie ken as iemand wat (3.18.1) (min/baie) vriende gehad het, want almal het van hom gehou. Aan die einde van die verhaal het oom Apie (3.18.2) (alleen/tussen sy familie) gesterf, want dit was sy keuse. (2)

3.19 Waarom was dit sleg vir oom Apie dat hy al sy geheime met sy jeugliefde gedeel het? (1)

3.20 Waarom kan ons sê dat die storie positief vir oom Apie geëindig het? (1)

3.21 3.21.1 Hoe sou jy oom Apie anders behandel het as wat die jeugliefde ná haar man se dood gedoen het? (1)

3.21.2 Waarom sê jy so? (1)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 40
GROOTTOTAAL: 40

Kopiereg voorbehou